

**Onverpersoonlikingsstrategieë in Nederlands: die resultate van 'n visuele vraelys – Adri Breed (adri.breed@nwu.ac.za) en Daniël Van Olmen (d.vanolmen@lancaster.ac.uk)**

Onpersoonlike konstruksies kan beskryf word as konstruksies sonder 'n referensiële subjek. Met ander woorde, die subjek in hierdie sinne kan geparafraseer word as “mense”, “iemand” of “sommige mense”. Die meeste navorsing oor die onderwerp van onverpersoonliking fokus oor die algemeen op 'n beperkte aantal strategieë, soos pronominale strategieë (bv. “mens moet nie drink en bestuur nie”) en die passiewe konstruksie (bv. “my foon is gesteel”). Hierdie eng fokus in die navorsing is waarskynlik te wyte aan die beperkings van die navorsingsmetodes (meestal korpusstudies en vraelyste) wat gewoonlik gebruik word. Hierdie metodes benader in wese die taaldata met 'n voorafbepaalde stel onpersoonlike konstruksies in gedagte.

Ons ondersoek volg egter 'n ander benadering, naamlik 'n oop-einde visuele vraelys, om 'n beter idee te kan kry van die reeks moontlike strategieë wat Nederlandssprekendes in verskillende onpersoonlike kontekste gebruik, asook van die konstruksies wat hulle verkies om in daardie verskillende onpersoonlike kontekste te gebruik. Elke toneel in hierdie visuele vraelys beeld 'n bepaalde onpersoonlike konteks uit en dit gaan gepaard met 'n linguistiese leidraad. Nederlandse respondente word dan aangemoedig om 'n sin te verskaf wat die situasie beskryf. Die vraelys is via sosiale media versprei en deur meer as 80 respondente voltooi.

Ons bevinding toon dat daar talle alternatiewe vir die twee bekende strategieë van onverpersoonliking bestaan. Benewens voornaamwoorde en passiewe konstruksies, gebruik Nederlandssprekendes ook strategieë soos evaluerende naamwoorde, die generiese gebruik van die imperatief en vrye keuse konstruksies.

Ons resultate dui ook aan dat sekere strategieë in spesifieke kontekste voorkeur geniet bo ander strategieë. Die strategie van passivering word byvoorbeeld in alle onpersoonlike kontekste gebruik. Verder is onbepaalde voornaamwoorde ook 'n baie algemene onverpersoonlikingsstrategie, veral in eksistensiële kontekste. Naamwoorde met die betekenis 'mense' word ook dikwels in 'n verskeidenheid onpersoonlike kontekste gebruik vir onverpersoonliking.